# Afrikaans

WEEK 6

MAANDAG

Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SPEEL SPEURDER

**Party mense se werk is om probleme op te los. Hulle gaan werk vir die polisie en help hulle misdadigers op te spoor. Een van die bekenste speurders nog ooit was Sherlock Holmes. Hy het in Engeland die polisie gehelp om die vreemdste misdade op te los. Holmes het nie regtig bestaan nie, hy is die karakter in 'n boek, maar baie polisie wens hulle kan so goed soos hy sake oplos.**



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# GEBRUIK DIE LEIDRADE EN LOS DIE PROBLEEM OP!

Toe jou onderwyser ná die September-vakansie by die huis kom, het hulle 'n klomp vreemde goed in hulle **motorhuis** gevind. Iemand het in die motorhuis gebly terwyl hulle weg was. Hulle wil graag weet wie daar gebly het sonder om die polisie in te roep. Kan jy die onderwyser help om uit te vind. Kyk na die prent vir **leidrade**



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dink oor die volgende:

Was dit 'n man of vrou?
Was dit 'n ou of 'n jong persoon?
Waarin stel die persoon belang?
Is dit 'n persoon wat hou van lees?
Hoekom dink julle het die persoon sonder toestemming in julle onderwyser se motorhuis gebly?
Gee 'n kort beskrywing van die persoon en gee redes vir julle beskrywing.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# LEES DIE VOLGENDE GEDEELTE:

**Kinders trek booswigte 'n streep**

Tot onlangs was die skool se muur, wat teen die hoofstraat is, vol graffiti. Lelike woorde. Goor prente. Goed wat nie 'n voorbeeld vir 'n skoolgemeenskap is nie.

Maar toe het mev. Winga en die graad vyf leerders die uitdaging aanvaar. Aman, die klaskaptein, Sara, die onderkaptein en hulle vriende het aan die werk gespring. Mev. Winga het verf geskenk wat oorgebly het nadat haar huis geverf is. Die klas het die muur wit geverf.

Drie dae later was die booswigte terug en het hulle die muur weer bemors. Aman, Sara en die klas het weer aan die werk gespring.

"Ek het 'n idee uit 'n tydskrif gekry," het Aman gesê. "Hulle het 'n muur in 'n krotbuurt met mooi woorde en prente versier is. Ons moet dit ook doen!"

Nou pryk die skoolmuur met die kleure van die Suid-Afrikaanse vlag. Daar is ook 'n tekening van Aman wat doelwagter vir die sokkerspan speel. En as jy mooi kyk, sal jy mev. Winga herken. Die Graad Vyf Muur is die trots van die gemeenskap.

*DIE LEESREIS*: WERKBOEK 3, UITGEWER, 2004.

Laerskool Mikro Kopiereg ©